LAEVELD AGROCHEM
Sedert 1991

Agri Technovation

Agri BONUS
Reward yourself
Verdien punte
op alle produkte

Saam boer ons vooruit

Ken Symington

Sondagsriviervallei-streek

Laeveld Agrochem versprei van die bekendste, navorsingsgedrewe maatskappye se produkte vir u absolute gemoedsrus.

Vir professionele advies kontak gerus vir Ken
Tel: 061 192 5252 E-pos: ken@laeveld.co.za

Ken Symington is 'n gebore Oos-Kapenaar wat as tjokkertjie langs die kus grootgeword het. Die gesin het tydens sy hoërskooljare teruggetrek na sy pa se geboortedorp, Kirkwood, en toe het hy verlief geraak op dié dorp, sy mense en die pragtige Sondagsriviervallei.

Hier het sy passie vir boerdery begin en hy het in 2012 by Sondagsrivier Sitrusmaatskappy se landboukundige departement aangesluit as 'n veldtegnikus. Hy is later bevorder tot 'n Junior landboukundige, nadat hy in 2014 sy AVCASA-akkreditasie verkry het.

Hy het in 2017 sy vlerke gesprei en by Agri Technovation aangesluit as 'n veldtegnikus. Dit was 'n wonderlike platform vir hom om sy kennis oor verskillende gewasse te versterk in verskillende streke van ons pragtige land.

Hy het in Februarie 2018 verloof geraak aan 'n pragtige jong boerenooi van die vallei en hulle woon tans albei in Kirkwood. Ken se belangstellingsveld sluit in visvang, rugby en krieket, sowel as tyd spandeer saam met vriende en familie. Hy voel baie sterk oor familie en glo dat familie die boustene van die lewe vorm – en daarom moet tyd saam met mekaar altyd gekoester word.

Ken het in Junie 2018 by die Laeveld Agrochem-span in die Sondagsriviervallei-streek aangesluit. Sy hooffokus sal op sitrus wees, met die mikpunt om die boer te help en te ondersteun sodat hulle saam sy boerdery kan versterk en uitbrei deur gebruik te maak van nuwe tegnologie en verbeterde verbouingstegnieke.

Ken glo en vertrou dat hy saam met Laeveld Agrochem nuwe hoogtes in die Sondagsriviervallei sal bereik.